# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (26/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick (10 Julie 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "In science one tries to tell people, in such a way as to be understood by everyone, something that no one ever knew before. But in poetry it's the exact opposite" Paul Dirac***

## EUROPHYT – JUNIE 2015


Die Europhyt webwerf – die EU se amptelike "site" waar "non-compliance" rakende plantgesondheid in die EU gerapporteer word – dui die volgende CBS onderskeppings in Junie 2015 aan – Suid-Afrika - 2 (beide suurlemoene); Uruguay - 1 (mandaryne); en Argentinië -1 (mandaryne). Die SHAFFE data toon dat teen die einde van Junie het Suid-Afrika 187 861 ton sitrus na Europa uitgevoer, Argentinië 52 652 ton en Uruguay 12 298 ton.


## ETHEPHON TOETSE

**Alle produsente wat nog nie 'n versoek aan DAFF gerig het vir Ethephon toetse van hul boorde nie, moet dit dringend doen.**

**Die afsnydatum vir die Ethephon bemonstering deur DAFF is 17 JULIE 2015**. Enige Valencia boorde wat nog nie teen hierdie datum bemonster is nie, sal outomaties vir uitvoer na die EU onttrek word.
Inspeksie van boorde moet twee weke voor oes uitgevoer word.

## SUURLEMOENE




Syfers van suurlemoenuitvoere vanaf die suidelike halfrond verduidelik hoekom suurlemoenverdienstes so goed in 2015 is. Tot aan die einde van week 26 was Suid-Afrikaanse uitvoere meer as Argentinië soos ook die geval in 2014 was – totale suurlemoenuitvoere is steeds baie minder as die 2011 en 2013 vlakke.
Tydens laas week se Suurlemoen Fokusgroep vergadering is die Suid-Afrikaanse volume wat voorspel is effens opwaarts aangepas, vanaf 13.6 tot 13.8 miljoen kartonne.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die **Sagte Sitrus** Fokusgroep het hierdie afgelope week vergader en hul skatting met 'n betekenisvolle 400 000 kartonne afwaarts aangepas (4%). Satsumas is klaar en die werklike 1.7 miljoen kartonne was 100 000 minder as die geskatte 1.8 miljoen. Clementines is amper klaar (2.4 miljoen kartonne) – en die finale voorspelling is 2.5 miljoen; ver van die oorspronklike geskatte 3 miljoen kartonne. Vir die ander mandaryne (2.3 miljoen kartonne gepak tot op datum) – die voorspelling is nou 5.4 miljoen kartonne – 200 000 meer as die oorspronklike 5.2 miljoen skatting.
**Sagte Sitrus** se uitvoere na die EU het vanaf 58% (2014) tot 64% (2015) toegeneem. Dit was grootliks te wyte aan 'n verminderde hoeveelheid na Asië (2014 13%; 2015 7%); terwyl die Midde-Ooste ook afgeneem het van 10% tot 7%.
Met meeste van die **pomelo's** wat nou gepak en verskeep is – die verspreiding is baie dieselfde as in 2014; Noord-Europa 30% (2014 31%); Japan 21% (2014 23%); Suid-Europa 9% (dieselfde 2014); Asië 7% (2014 8%); Rusland 7% (2014 8%) en VK 6% (2014 5%). Die enigste groot verskil is China waar die volumes vanaf 7% (2014) tot 10% in 2015 toegeneem het.
Vir **suurlemoene** was daar 'n betekenisvolle skuif na die Midde-Ooste (2014 36%; 2015 44%). Dit was as gevolg van die afname na Asië (2014 21%; 2015 17%), Rusland (2014 16%; 2015 14%) en EU (2014 21%; 2015 19%).

| Tot einde Week 27 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 15.9 m | 13.7 m | 13.9 m | 12.0 m | 12.4 m | 15.3 m | 14.6 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 5.7 m | 7.1 m | 6.5 m | 6.3 m | 6.0 m | 10.0 m | **9.6 m** | 10.0 m |
| Suurlemoene | 7.9 m | 9.9 m | 10.6 m | 8.5 m | 9.3 m | 13.6 m | **13.8 m** | 13.2 m |
| Nawels | 17.5 m | 16.2 m | 16.2 m | 12.6 m | 12.8 m | 25.1 m | 24.4 m | 26.0 m |
| Valencias | 7.2 m | 7.0 m | 6.8 m | 3.4 m | 2.9 m | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 54.2 m | 53.8 m | 54.0 m | 42.8 m | 43.4 m | 113.1 m | 111.5 m | 115.7 m |